## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM Stad: 6 Junie 19h30**
**ACIM Kolping: 9 Junie 19h30**

**Boekgroep**
**Maandag 6 Junie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van
____________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 5 Junie 2016
## BEKENDE BYBELFIGURE
## DIE VERHAAL VAN MOSES

# STILTE IN DIE KAPEL

~ Fragile — Sting, Chris Botti, Yo-yo Ma ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

**'N GEBED van Moses, die man van God.**
Here, Ú was ons woonplek van geslag tot geslag.
Voordat berge gebore was en U geboorte gegee het aan die aarde
en die wêreld, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.
U laat die mens terugkeer tot stof en sê:
Keer terug, o mensekinders!
Want duisend jaar is in U oë soos die dag van gister
as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak.
Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!
Keer terug, Here! Tot hoe lank? En ontferm U oor u knegte.
Versadig ons in die môre met U goedertierenheid,
sodat ons kan jubel en bly wees in al ons dae.
Maak ons bly na die dae waarin ons verdruk was,
na die jare waarin ons onheil gesien het.
Laat U werk vir u knegte sigbaar word
en U heerlikheid oor hulle kinders.
En laat die lieflikheid van die Here onse God oor ons wees,
en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja,
die werk van ons hande, bevestig dit!
— Psalm 90:1-4, 12-17 —

# STILTE VAN BINNE

## ✿ *Lees Eksodus 3:1-15* — אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה — [êjê ashêr êjê]

En so het dit gebeur dat hy na die vlok van sy skoonpa Yetro gekyk het en hy het die vlok gelei na die agterkant van die woestyn na die berg van die Here, by Horeb. En die malak (engel) van die Here het aan hom verskyn in die vlam van vuur uit die middel van 'n doringbos, en kyk die bos het gebrand met vuur maar die bos is nie verteer nie. En Moses het gesê, ek sal eenkant staan en kyk na hierdie groot gesig (teenwoordigheid) hoekom die doringbos nie brand nie. En toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk het die Here hom vanuit die bos geantwoord en gesê: Moses, Moses en hy het geantwoord: hier is ek! En Hy het gesê: moenie nader kom nie, en trek die skoene van jou voete af want die plek waarop jy staan is heilige grond. En hy het gesê: Ek is die God van jou vaders, God van Abraham, God van Isak, God van Jakob, en Moses het sy gesig weggesteek want hy was bang om na God te kyk. En die Here het gesê: Ek het verseker die onderdrukking van my volk gesien wat in Egipte is en het hulle uitroep gehoor oor hulle slawedrywers want Ek ken hul hartseer. En Ek kom af om hulle vry te laat uit die hand van die Egiptenare, en om hul uit daardie land na 'n goeie land, na 'n groot land wat vloei van melk en heuning, na die plek van die Kanaänie, en die Gatie, en die Amorie, en die Piritzi, en die Givi en die Yibusi. En daarom, kyk, die roep van die kinders van Israel het na My toe gekom en Ek het die onderdrukking gesien hoe die Mitzraim hul onderdruk. En kom nou daarom dat ek jou die Farao kan stuur sodat jy My volk die kinders van Israel uit Egipte kan lei. En Moses het vir God gesê: wie is ek dat ek na Farao moet gaan en die kinders van Israel uit Egipte moet lei? En Hy het gesê: Ek sal verseker met jou wees, en dit sal my teken wees aan jou dat Ek jou gestuur het: as jy die volk uit Egipte gelei het, sal jy God dien op hierdie berg. En Moses het vir God gesê: Kyk, as ek na die kinders van Israel gaan en vir hul sê dat die God van hulle vaders het my na julle toe gestuur, en hulle vir my sal sê: Wat is Sy naam? Wat sal ek vir hulle sê? En God het vir Moses gesê: Ek is wat ek is en Hy het gesê: dit moet jy vir die kinders van Israel sê: EK IS – het my na julle toe gestuur, dit is My naam vir ewig en dit is hoe julle my moet onthou van geslag tot geslag.

==================================================

**God does not ask your ability but your availability**

- ✓ **Living God** — He that causes to be: hy wat is, en was, en sal wees
- ✓ **Holy God** — trek jou skoene uit want die grond is 'holy and sacred'
- ✓ **Compassionate God** — liefde en genade oorvol, oorloop, oorgenoeg
- ✓ **Present God** — nie 'n God van vêr nie maar teenwoordig is in alles
- ✓ **Relationship God** — nie 'n God van piramides nie maar van mense



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ SOUND OF SILENCE — DISTURBED ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van*
*slawerny bevry het. Jy mag naas my geen ander gode hê nie,*
*jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat daarbo*
*of op die aarde of in die water onder die aarde is, en jy mag hul nie*
*vereer of dien nie want ek die Here God eis onverdeelde trou aan My.*
*Jy mag nie die Naam van die Here God misbruik nie.*
*Jy moet die Sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou. Ses dae*
*moet jy werk en alles doen wat jy moet maar die sewende dag is die*
*Sabbat van die Here jou God dan mag jy geen werk doen nie.*
*Eer jou vader en jou moeder soos die Here jou God jou beveel het*
*dan sal jy lank lewe en sal dit met jou goed gaan.*
*Jy mag nie moord pleeg nie.*
*Jy mag nie egbreek pleeg nie.*
*Jy mag nie steel nie.*
*Jy mag nie vals teen 'n ander getuig nie.*
*Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis*
*begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, of donkie*
*of enige iets wat aan hom behoort nie.*

— Exodus 20, Exodus 34, Deuteronomium 5 —

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ GLORIA IN EXCELSIS DEO — SOLI DEO GLORIA ~